SUID-AFRIKAANSE RADIOLIGA

SARLNUUS 13 MAART 2005

U luister na amateurradiostasie ZS6SRL van die Suid-Afrikaanse Radioliga, die nasionale vereniging vir amateurradio in Suid- Afrika, met 'n nuusbulletin wat elke Sondag om 08:15 Sentraal Afrika Tyd (SAT) in Afrikaans en om 08:30 SAT in Engels uitgesaai word.

Hierdie bulletin is ook op die webwerf van die SARL by www.sarl.org.za en op pakketbulletinborde beskikbaar sowel as per Echolink vanaf Chris, ZS6FCS, en heelwaarskynlik ook eksperimenteel per IRLP vanaf Jacques, ZS6WDL. Sarlnuus waardeer hierdie dienste wat op eie koste deur hierdie individue gelewer word. Sarlnuus sal egter rapporte waardeer van individue of klubs wat moontlik die bulletins op lokale herhalers vanaf Echolink of IRLP herlei. Plaas asb. rapporte op die webadres van Sarlnuus, dit volg later in hierdie bulletin.

In die nuus vandag:

NOG 'N FREKWENSIEVERANDERING VIR AMATEUR RADIO MIRROR INTERNATIONAL

OKOSA GAAN NIE OPGRADERINGSVERSOEKE HANTEER NIE

SONDAG 40 METER AKTIWITEIT

CQ WW WPX FOONKOMPETISIE

MEI RADIOAMATEUREKSAMEN

Bly ingeskakel vir meer besonderhede hieroor en ander nuusitems.

Besoek ook die SARL se webblad of skakel die SARL-kantoor wat vanaf 09:00 tot 13:00 op weeksdae oop is by telefoon 011 675-2393 vir inligting oor hoe om by die SARL aan te sluit, boekverkope en alle verwante amateurradio-aangeleenthede.

Die SARLnuusdiens maak staat op nuusinsette van klubs en individue aangaande amateurradioaktiwiteite. Plaas asb. U berigte op die webwerf van die SARL by www.sarl.org.za/newsinbox.asp nie later nie as die Donderdag wat die bulletin voorafgaan. Indien moontlik doen dit asb. in Afrikaans sowel as Engels, maar, gaan asb. veral datums en telefoonnommers na voordat u die berig instuur, die redakteur het growwe foute in die verlede opgemerk.

U luister na ZS6SRL en die nuus volg in besonderhede.

NOG 'N FREKWENSIEVERANDERING VIR AMATEUR RADIO MIRROR INTERNATIONAL

Sentech sal vanaf 27 Maart hulle winterskedule instel. Dit sal nog 'n verandering meebring vir Amateur Radio Mirror International. Die nuwe skedule lyk soos volg: Die Sondagoggenduitsending om 10:00 SAT sal op 17 810 en 7 205 kHz geskied. Op 6 Maart is 9 750 kHz deur 7 205 kHz vervang en is goed ontvang

deur baie luisteraars en het die dekking baie verbeter. Die heruitsending op Maandae om 21:00 SAT bly op 3 215 kHz.

ARMI sal verslae oor die verskillende frekwensies waardeer. Stuur dit per e-pos aan armi@sarl.org.za of per gewone pos aan Posbus 90438, Garsfontein 0042. As jou posadres by jou verslag ingesluit is, en dit word voor 15 April ontvang, staan jy 'n kans om in 'n gelukkige trekking 'n pen met 128 MG blitsgeheue ter waarde van R250 te wen.

OKOSA GAAN NIE OPGRADERINGSVERSOEKE HANTEER NIE

OKOSA het die SARL versoek om alle ZR'e in te lig dat hulle nie opgraderingsversoeke na OKOSA moet stuur nie. Die nuwe regulasies spel dit duidelik uit dat hierdie versoeke na die nasionale vereniging moet gaan vir evaluering.

Terwyl die SARL verskeie assesore aangestel het, is daar nog bykomende regulerende aspekte wat deur die owerheid afgehandel moet word voordat die assesore hulle werk kan doen. Dit beteken dat aansoeke vir opgraderings 'n bietjie langer gaan neem. Volgens die gewysigde regulasies moet daar 'n nasionale ligaam aangestel word, hierdie prosess word tans deur die kantoor van die minister hanteer.

Graham Hartlett, ZS6GJH, verduidelik dat hierdie proses eers kon begin nadat die wysigings tot die regulasies afgekondig is. "Die SARL werk nou saam met die owerheid om hierdie laaste stukkie van die regulasies in plek te kry. Sodra die proses voltooi is, sal besonderhede op www.sarl.org.za gepubliseer word en ook op SARLNuus uitgesaai word."

SONDAG 40 METER AKTIWITEIT

Na die promulgering van die nuwe regulasies en die verhoogde gebruik van die 40 meterband, wil SARLNuus gebruikers van die band inlig en herinner aan 'n ooreenkoms wat baie jare gelede bereik is.

Hierdie ooreenkoms handel oor die gebruik van die 40 meterband op 'n Sondagoggend. Ten einde botsings en steurings te vermy het die SARL jare gelede die frekwensies en tye vir takbulletins geko-ordineer. Daar is besluit op 'n 4 kHz spasiëring tussen frekwensies en daar is op die volgende frekwensies besluit: 7 082, 7 078, 7 074, 7 070, 7 066, 7 062 kHz en moontlik meer na bo en onder. Hierdie ooreenkoms is nog in werking.

Gebruikers van die 40 meterband op Sondagoggende word versoek om seker te maak dat hulle nie steurings veroorsaak op die erkende bulletinfrekwensies nie. Waar moontlik kies 'n frekwensie weg van die bulletinfrekwensies vir geselsies.

NOODKOMMUNIKASIEVOORKEURFREKWENSIES

7 070 kHz is die noodkomunikasie voorkeurfrekwensie en ons verwelkom aktiwiteit op hierdie frekwensie. Ons versoek egter dat 'n voldoende breuk gelaat word tussen rondtes sodat iemand wat noodverkeer het 'n spreekbeurt kan kry.

Dit is al opgemerk dat party gebruikers baie vinning op die DVP- (Druk Vir Praat) knoppie is.

2004 TOEKENNINGSERTIFIKATE

Tjerk Lammers, ZS6P, die Liga se Toekenningsbestuurder, berig dat hy verlede Dinsdag sertifikate aan plekwenners, wat aan die Liga se 2004 wedstryde deelgeneem het, gepos het wat u seker nou al ontvang het. Moenie hulle in 'n laai wegsteek nie; raam hulle vir almal om te sien en om op te let, dat u een van die verdienstelikes is!

Baie geluk aan die plekwenners maar ook baie dankie aan almal wat deelgeneem het want sonder julle sou die kompetisies nie so geslaagd gewees het nie.

Tjerk berig dat dit nogal 'n taai takie was, want hy moes 117 posseëls op die koeverte plak!

SPESIALE GELEENTHEIDSTASIE ZS100RI

Die Rotariërklub van Midrand sal 'n spesiale geleentheidstasie vanuit die Olievenhoutbosch gemeenskapsentrum bedryf waarin die Midrand Rotariërs 'n gemeenskapsprojek bekend as Tshunang aan die gang het. Die stasie, met roepsein ZS100RI, sal vanaf 12 Maart 2005 tot 28 Februarie 2006 op die lug wees ter viering van die honderdjarige bestaan van die Rotariërs. QSL via Craig ZS6CKB.

CQ WW WPX FOONKOMPETISIE

Die 2005 CQ WW WPX foonkompetisie sal tydens die Paasnaweek op die lug wees. Die kompetisie begin om 00:00 op 26 Maart en eindig 48 uur later met foonwerking op 160, 80, 40, 20, 15 en 10 meter. 'n RS-verslag en 'n reeksnommer word uitgeruil.

MEI RADIOAMATEUREKSAMEN

Die Mei 2005 Radioamateureksamen word op Donderdagaand 19 Mei 2005 afgelê. Persone wat hierdie eksamen wil skryf moet nie later nie as Donderdag 14 April 2005 by die SARL registreer. Besoek die SARL se webwerf by www.sarl.org.za vir meer inligting.

RADIOTEGNOLOGIE-IN-AKSIE OPE DAG

Die jaarlikse Radiotegnologie-in-Aksie ope dag sal op Saterdag 20 Augustus by die Nasionale Amateurradiosentrum in Roodepoort plaasvind. Voorstelle vir aanbiedings word nou ingewag. Die hooftemas vir die forum is tegnologie, tuiskonstruksie en operasionele aktiwiteit. Voorstelle moet in Microsoft Word ingedien word en moet nie 500 woorde oorskry nie en per e-pos voor 15 April aan rta@sarl.org.za gestuur word.

VOORTPLANTINGSTOESTANDE

Tad Cook, K7RA, rapporteer dat die son hierdie week stil was, maar dat 'n nuwe reeks van sonvlekke in 'n geo-effektiewe posisie inbeweeg. Daar was 'n

paar aktiewe dae vir geomagnetise toestande, veral op 6 tot 8 Maart, weens 'n sonwindstroom. Die gemiddelde daaglikse planetêre A-indeks het minder as 11 punte gestyg na 20,1 en die gemiddelde midbreedtegraadaktiwiteit het met minder as 6 punte gestyg na 12,3. Die gemiddelde daaglikse sonvlekgetal het met 21 punte gestyg na 36,1 en die gemiddelde daaglike sonvloedsyfer het gestyg met 10 punte na 85,9.

'n Styging in die sonvloedsyfer en meer sonvlekke word oor die volgende week verwag. Die sonvloedvlak behoort teen 15 en 16 Maart 'n piek te bereik en daarna teen 20 Maart te sak na onder 100. Die voorspelde mees aktiewe geomagnetise dag in die volgenede termyn is 14 Maart, maar toestande is eerder ongestadig as stormagtig.

Geniet die volgende paar weke. Die tydperk om en by die dag-en-nag ewening is goed vir HF-voorplanting, al is die sonvlekgetal laag.

DAGBOEK VAN GEBEURE

12 Maart 05 - 28 Februarie 06 Spesiale gebeurtenisstasie ZS100RI; 31 Maart - Finale lesings vir AMSATCON2005 in te dien; sluitingsdatum vir stadium 1 van die 2005 Konstruksiekompetisie; 07 April - SARL 80 Meter QSO-geseligheid 08 April - SARL Toekenningsdinee; 09 April - AJV van die SARL; 10 April - SARL Hamnet 40 Meter Noodkomunikasiekompetisie 14 April - sluitingsdatum vir die Mei RAE 14 Mei - AMSATCON2005; 19 Mei - Radioamateureksamen 31 Mei - sluitingsdatum vir stadium 2 van die 2005 konstruksiekompetisie.

Die SARL nooi u om Sondae om 10:00 na Amateur Radio Mirror International op 17 700, 7 205 en 7 082 kHz en verskeie 2 m herhalers in u omgewing te luister. 'n Heruitsending kan Maandagaande om 21:00 SAT op 3 215 kHz gehoor word. ARMI word deur Telkom en Sentech geborg.

Dit bring ons aan die einde van hierdie bulletin. Dit is saamgestel deur Dennis, ZS4BS, en gelees deur ……. vanuit …… as 'n diens aan radioamateurs, kortgolfluisteraars en elektronikaentoesiaste.

U het geluister na ZS6SRL en baie dankie dat u by ons aangesluit het. Dankie ook aan diegene wat items vir die bulletins verskaf en aan al die amateurs wat so gereëld die herleidings waarneem.

Hierdie Afrikaanse uitsending eindig nou en SARLNUUS wens u 'n aangename week toe.

Totsiens aan almal.

/EX